

## 1 GEBED

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

## 2 DEEL (20 minute) [STILTETYE] MIGA 5, HAGGAI 2, SAGARIA 14, MALEAGI 3

*Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Miga 5, Haggai 2, Sagaria 14, Maleagi 3). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

## 3 MEMORISERING (5 minute) [SLEUTELVERSE IN ROMEINE] HERHAAL DIE SLEUTELVERSE IN ROMEINE

*Herhaal* twee aan twee die vyf sleutelverse in die boek van die Romeine.

**(16) Romeine 12:16.** Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges.

**(17) Romeine 12:17-18.** Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

**(18) Romeine 13:8.** Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit.

**(19) Romeine 13:14.** (Letterlik:) Beklee julle met die Here Jesus Christus en maak geen voorsiening vir die vlees (die sondige natuur) nie.

**(20) Romeine 16:17.** Pas op vir die wat verdeeldheid veroorsaak en die mense afvallig maak van die leer wat hulle ontvang het. Bly weg van hulle af.

## 4 BYBELSTUDIE (85 minute) [DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE] ROMEINE 16:1-27

*Inleiding.* Romeine hoofstuk 16 beskryf die medewerkers en kennisse van die apostel Paulus.

### STAP 1. LEES. GOD SE WOORD

*Lees.* Ons gaan Romeine 16:1-27 saam bestudeer.

Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

### STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS

*Oorweeg.* WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

*Skryf neer.* Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.

*Deel.* Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

#### 16:1-2

#### Ontdekking 1. Hoe Christene 'n vrou in 'n kerklike amp moet beskou.

Die naam Febe beteken “helder en skitterend”. Aanbevelingsbriewe was nodig wanneer Christene van een gemeente na 'n ander gereis het waar hulle onbekend was. Omdat die apostel die vrou Febe aanbeveel as “'n dienaars van die gemeente in Kenchreë”, is sy waarskynlik die draer van die brief aan die Romeine. Kenchreë was een van die hawens van Korinte. Daar was 'n gemeente en Febe was “'n dienaars” in die gemeente.

#### (1) Febe was eerder 'n dienaars dan 'n diakones.

Alhoewel die Griekse woord vir “dienaars” presies dieselfde is as die Griekse woord vir “diaken” (Grieks: diakonos) (sien Filippense 1:1; 1 Timoteüs 3:8-13), is daar geen grond of noodsaak om te veronderstel dat die vrou Febe 'n kerklike amp of posisie as “diakones” uitgeoefen het nie!

1 Petrus 4:10 leer dat alle Christene, manne en vroue, verwag word om ander in die plaaslike gemeente te dien met die genadegawe soos hulle van die Heilige Gees ontvang het. Die bediening wat Febe uitgeoefen het, het ooreengekom met die bediening wat diakens uitgeoefen het: hul bediening was barmhartigheid te bewys aan die armes, siekes en eensames, en die bediening van Febe was om barmhartigheid en gasvryheid te bewys aan reisigers. Paulus noem haar bediening “dat sy vir baie “tot steun was” (Grieks: prostatis), onder andere vir Paulus. Die woord beteken: “beskermster, helper of assistent”. Sy het gasvryheid bewys aan reisigers wat tussen die hawens in die Ooste en die Weste van Korinte gereis het. Miskien was sy ook ’n ryk vrou wat goeie dade gedoen het en vreemdelinge vriendelik verder gehelp het (vergelyk: Lidia in Handeling 16:14-15). Sy moet eerder vergelyk word met die vroue wat in Lukas 8:1-3 en 1 Timoteüs 5:9-10 genoem word, wat soortgelyke dienste verleen het.

Maar die feit dat Febe ’n spesifieke taak gehad het, beteken nog nie dat sy ’n kerklike amp of posisie as diaken beklee het nie. Daar is in die Bybel geen grond vir “vroue” wat ’n kerklike amp as “oudste/ouderling” of “diaken” beklee het nie. Die oudstes in die Bybel was almal “manne” (Eksodus 18:21; Deuteronomium 1:13; Handeling 20:17,28; 1 Timoteüs 2:11-12; 3:1-2,4; Titus 1:6-9). Maar daar was seker vroue wat die gawe van “dienslewering” besit het (Romeine 12:7) en in die Bybel behoort ook alle vroue met hul genadegawe te dien (1 Petrus 4:10)!

## (2) Die verskil tussen dienare en diakens.

**Dienare.** Die woord in die oorspronklike taal van die Nuwe Testament beteken: “dienaar” (Grieks: diakonos). Die Bybel leer dat daar in die Liggaam van Christus “baie lede” is, elkeen met ’n ander funksie (Grieks: praxis), elkeen met sy eie verskillende genadegawe (Grieks: charismata diafora) (Romeine 12:3-8) en elkeen met ’n ander bediening (Grieks: diakonia) (1 Korintiërs 12:5). Die verskeidenheid van genadegawes wat God aan Christene gee is om “te dien” (1 Petrus 4:11-12). En sommige genadegawes is om Christene “toe te rus en die Gemeente op te bou” (Efesiërs 4:7,11-12).

Romeine 12:7 noem één genadegawe “om te dien” (Grieks: diakonia) en is verwant aan “om hulp te verleen” (Grieks: antilémptis) (1 Korintiërs 12:28). Hierdie twee genadegawes verwys nie na kerklike ampte nie, maar na die verlange en vermoë om op ’n bepaalde gebied te dien.

**Diakens.** Alle Christene is “dienare” (hulle het ’n bepaalde funksie), maar alleen sommige Christene word aangestel om “diaken” te wees (hulle het ’n spesifieke amp gekry)<sup>1</sup>. In die Christelike Kerk is die kerklike amp van “diaken” nie verplig nie en in die meeste gevalle nie eers nodig nie.

Tussen 30-32 n.C. het daar ’n besonder probleem in die gemeente van Jerusalem ontstaan. In die daaglikse versorging van weduwees is die Griekssprekende arm weduwees afgeskeep. Daarom het die gemeente officieel sewe manne aangestel as “diakens” om aan hierdie spesiale probleem aandag te gee en te verhelp. Volgens Handeling 6:1-7 het hierdie manne alleen as diaken gedien totdat die probleem verhelp was!

’n Tydjie later was een van hulle, Filippus, nie meer ’n diaken van die gemeente van Jerusalem, maar ’n evangelis in Samaria. In 60-61 n.C. word die amp van “diaken” alleen nog maar in twee plaaslike gemeentes genoem, naamlik in Filippi en Efese (Filippense 1:1; 1 Timoteüs 3:8-13).

Die diakens word duidelik van die oudstes (ouderlinge) in die gemeente onderskei. Om as ’n diaken verkies te word, moes aan bepaalde Bybelse eise voldoen word (Handeling 6:3). Alhoewel die spesifieke take van die diakens nie genoem word nie, was hulle beslis nie die leiers van die plaaslike gemeente nie en het hulle ook nie die verantwoordelikhede van die oudstes in die gemeente oorgeneem nie (Handeling 6:4). ’n Raad van diakens mag dus ook nooit ’n raad van oudstes/ouderlinge vervang nie!

## (3) Was daar ooit diakonesse in die vroeë Christelike Kerk?

Romeine 16:1 gebruik die manlike vorm “diakonos” en nie die vroulike vorm “diakonés”. Sommige Christene vertaal hierdie woord met “(die amp van) diakones”. Maar die Bybel spreek nêrens oor ’n vrou in die kerklike amp nie! Vroue is nooit as “oudstes/ouderlinge” in die gemeente aangestel nie en ook nie as “diakens” nie!

In 1 Timoteüs 3:11 kan die uitdrukking “Net so moet vroue” (Grieks: gunaikas hósautós) nie na die amp van “diakonesse” verwys nie, want dan sou daar “die diakens” (Grieks: tas de diakonous) moes staan. Die uitdrukking beteken ook nie “die vrouens van die diakens” nie, want dan moes daar “hul vrouens” of “wat vrouens het” (Grieks: gunaikas autón / echontes) staan. Ons moet dus konkludeer dat die vroue in 1 Timoteüs 3 mees waarskynlik ’n aparte groep vroue was wat nie ’n amp, maar wel ’n spesiale bediening in die gemeente van Efese uitgeoefen het, soos 1 Timoteüs 5:3-16 ook duidelik suggereer.

<sup>1</sup> **’n Amp.** Deur die aanstelling van leiers word aan hulle ’n amp toegeken. ’n Amp (die woord word afgelei van die woord ‘ambag’) in die Bybel is ’n openbare taak of bediening met ’n bepaalde maar beperkte gesag waartoe Christus en die oudstes/ouderlinge van die gemeente iemand roep en aanstel (bevestig). Voorbeelde van ampte is: oudste (ouderling, priester), sendeling, prediker (predikant)/ pastoor/ herder, evangelis, leraar, diaken, groepleier, jeugleier, ens. Behalwe die amp van oudste is hierdie ampte NIE die leiers van die gemeente NIE, maar moet in hul take onder die leiding van die raad van oudstes (ouderlinge) funksioneer! In die Bybel is alle oudstes/ouderlinge manlik.

#### **(4) Konklusie met betrekking tot vroue in die kerklike amp.**

Alhoewel Galasiërs 3:28 leer dat sowel manne as vroue deur Jesus Christus op gelyke voet “kinders van God” genoem word, leer Genesis 1 tot 3, 1 Korintiërs 11 en 14, Efesiërs 5, Kolossense 3, 1 Timoteüs 2, 3 en 5, Titus 2 en 1 Petrus 3 dat God se plan en maatreël met betrekking tot manne en vroue sowel in die skepping (vanaf die begin van die Bybel) as in die herskepping (tot aan die einde van die Bybel) seker verskillend is. Alhoewel manne en vroue ewe kosbaar in God se oë is, het God aan manne en aan vroue verskillende funksies gegee sowel in die huweliksverhouding as in die kerklike verhouding.

Christene moet twee uiterstes vermy:

- Hulle moet vermy dat vroue in kerklike ampte bevestig word, omdat daar in die Bybel geen grond voor bestaan nie!
- En hulle moet vermy om toegewyde en bekwame vroue uit te sluit uit belangrike en waardevolle bydraes wat hulle in die gemeente kan lewer!

---

#### **16:5**

##### **Ontdekking 2. Waar die christelike gemeente te Rome byeenkomste gehad het.**

Alle gegewens in hoofstuk 16 wys in die rigting van “huisgemeentes”. Die christelike gemeente te Rome het in huise bymekaar gekom. Volgens Romeine 16:5 het Priscilla en Akwila ’n gemeente in hul huis gehad (1 Korintiërs 16:19; Kolossense 4:15; Filemon 2). Hierdie huisgemeente of gemeentebyeenkoms (Grieks: ekklesia) mag nie beperk word tot die lede van ’n huisgesin nie (Handelinge 10:2; 11:14; 16:15,31; 18:8; 1 Korintiërs 1:16; 1 Timoteüs 3:4; 5:13; 2 Timoteüs 1:16), maar moet wel gedien het vir byeenkomste van verskillende huisgesinne vir ’n verskeidenheid van aktiwiteite van die gemeente. Ook gemeentebyeenkomste by ander mense in die stad van Rome word genoem: “Groet ... die broers daar by hulle” (Romeine 16:14). “Groet ... al die ander gelowiges daar by hulle” (Romeine 16:15). Hierdie gemeentebyeenkomste was by mense wat by name genoem word. Dus die Gemeente (Kerk) te Rome het uit meerdere huisgemeentes bestaan.

#### **STAP 3. VRAAG.**

#### **UITLEG**

*Oorweeg.* WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 16:1-27 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

*Skryf neer.* Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

*Deel.* Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.

*Bespreek.* Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

---

#### **16:7**

##### **Vraag 1. Was Andronikus en Junias apostels of nie?**

*Aantekeninge.*

#### **(1) Hulle was volksgenote.**

Andronikus en Junias kon verwante of familie van Paulus gewees het (Lukas 1:36; Johannes 18:26), maar tog was hulle eerder volksgenote (Grieks: suggenés)(Romeine 9:3; 16:7,11,21). Daar is geen grond om die uitgang van die naam Junias as vrouelik te beskou nie, want Patrobas en Hermas word “broers” genoem (Romeine 16:14) en ook die profete Elia en Jeremia (Grieks: Elias en Jeremias) was manne (Matteüs 16:14). Andronikus en Junias was ook saam met Paulus in die gevangenis. Julia was egter ’n vrou (Julius is manlik) (Romeine 16:15).

#### **(2) Hulle was hoog aangeskrewe by die apostels.**

Die woord “hoog aangeskrewe” (Grieks: episémos)(Romeine 16:7) (beteken “berug” in Matteus 27:16). Die woord “apostel” (Grieks: apostolos) beteken “’n persoon wat op ’n missie (taak) uitgestuur word (Grieks: apostelló)” en verwys na “die apostels van Christus” (Markus 3:14-15; 1 Korintiërs 9:1) of na “die apostels van die gemeentes” (Handelinge 14:14; Filippense 2:25).

Miskien het hulle behoort aan die groep van 72 wat uitgestuur was (Grieks apostelló) (aoristus aktief) (Lukas 10:1) of tot die groep van apostels van die gemeentes soos Barnabas, Epafroditos, Apollos, Silvanus en Timoteüs wat almal die evangelie verkondig het en beskrywe kan word as mense wat uitgestuur is deur die gemeentes. Vandag word hulle ook “stigters van ’n gemeente”, “bouers van ’n gemeente” of “toerusters van ’n gemeente” genoem.

## 16:10

### **Vraag 2. Wat beteken dit “om deur God getoets of beproef te word”?**

Aantekeninge.

#### **(1) Beproof op die gebied van moeilikhede.**

'n Christen moet wel getoets en beproef word deur die moeilikhede in die lewe. In Romeine 16:10 word Apelles “die beproofde dienaar van Christus” (ANV: hy het gewys wat in hom steek) genoem. Wanneer word 'n Christen “getoets of beproef”? God gebruik veral moeilikhede, beproewinge, versoeking en lyding om 'n Christen te toets en sy karakter te ontwikkel (Romeine 5:3-4; Jakobus 1:2-4).

As 'n Christen deur hierdie “beproewinge van die geloof” (Grieks: dokimion tés pisteós) (Jakobus 1:3) heen trou aan Christus en aan die Christelike Geloof bly en die toets slaag, word hy deur God as “beproof” (Grieks: dokimos) beskou. So 'n Christen weet dat God bly is met hom en hom goedkeur.

#### **(2) Beproof op die gebied van gedrag.**

'n Christen moet ook getoets of beproef word op die gebied van sy gedrag in die gemeente byeenkomste. In 1 Korintiërs 11:19-20 sê Paulus, “daar moet trouens partyskappe onder julle wees sodat dit bekend kan word wie van julle die toets kan deurstaan. As julle dan as gemeente saamkom, is dit nie meer die nagmaal van die Here wat julle vier nie, want by die gemeenskaplike maaltyd eet elkeen gou sy eie eetgoed, met die gevolg dat party honger bly en party te veel drink.” Dit was die gewoonte om die nagmaal saam met die liefdesmaaltyd (Grieks: agapé) te vier. Maar sommige Christene was selfsugtig en wou hulle ete nie met ander deel nie. Ander Christene het hulle misdra en selfs dronk geword. God toets of beproef Christene in hul gedrag in die gemeentebyeenkomste en in die gewone lewe. 'n Christen moet hom onder alle omstandighede as 'n Christen gedra. Alleen dan ontvang hy die goedkeuring van God!

#### **(3) Beproof op die gebied van geestelike toerusting en dissipline.**

'n Christen moet ook getoets of beproef word op die gebied van geestelike toerusting en dissipline. In 1 Korintiërs 9:24-27 gebruik Paulus beelde uit die sportwêreld om die Christene te vermaan hulself allerlei dinge te ontsê en met 'n goeie gewete aan die wedstryd deel te neem, doelgerig te hardloop of soos 'n bokser raak te slaan. Hy sê, “Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge” (Grieks: egkrateuomai, letterlik: innerlik selfbeheersing beoefen, veral met betrekking tot seksuele onthouding).” “Ek oefen my liggaam op 'n harde manier (Grieks: hupópiázó, letterlik: “ek slaan myself onder die oog/'n blou oog”, 'n uitdrukking vir opgelegde selfdissipline) en bring dit onder beheer (Grieks: doulagógeó, letterlik: “maak dat my liggaam hom onderwerp”), sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie (Grieks: adokimos, letterlik: nie die toets slaag nie, gediskwalifiseer word)” (1 Korintiërs 9:25,27). Deur God getoets en beproef te word is die teenoorgestelde van deur God gediskwalifiseer (afgekeur) te word! Om nie deur God gediskwalifiseer te word nie, moet 'n Christen homself onder strenge selfdissipline en oefening plaas en met 'n baie duidelike doel hardloop. Alleen dan ontvang hy 'n onverganklike oorwinnaarskroon – die sigbare teken vir die goedkeuring van God!

#### **(4) Beproof op die gebied van Bybeluitleg.**

'n Christen moet ook getoets of beproef word op die gebied van die juiste Bybeluitleg. In 2 Timoteüs 2:15 spoor Paulus Timoteüs aan, “Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as 'n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra (Grieks: dokimos), 'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie (Grieks: anepaischuntos), wat die woord van die waarheid suiwer verkondig (Grieks: orthotomeó, letterlik: 'n regte pad deur 'n oerwoud maak).” Iemand wat uit die Bybel onderrig gee, moet die Bybel op die juiste manier uitlê (sien Titus 1:9)! Hy mag die Woord van God nie vervals nie (2 Korintiërs 4:2). Daarom moet die leiers en alle leraars van die Bybel in die gemeente heel goed opgelei word in die hermeneutiese reëls vir Bybeluitleg<sup>2</sup>. Alleen wanneer 'n Christen die Bybel op die juiste manier uitlê, ontvang hy die goedkeuring van God!

#### **(5) Beproof op die gebied van die christelike bediening.**

'n Christen moet getoets of beproef word op die gebied van sy bediening. In 2 Korintiërs 10:12-18 sê Paulus, “Ons waag dit natuurlik nie om ons op een lyn te stel of te vergelyk met sekere mense wat so 'n danige dunk van hulleself het nie. ... Hulle meet hulleself aan hulle eie maatstaf en vergelyk hulleself met hulleself. Maar wat ons betref, ons sal met ons roem nie buite die perke gaan nie. Ons bly binne die perke van die werkkring wat God aan ons toegemeet het. ... Die man wat die proef (Grieks: dokimos) deurstaan het, is nie die een wat homself prys nie, maar die een wat deur die Here geprys word.” Paulus het die evangelie in Korinte gebring en daar 'n gemeente gestig.

Toe het daar valse leraars en selfs valse apostels opgedaag wat geprobeer het om die gemeente onder hul invloed te kry. Hulle het gemaak asof hulle die gemeente gestig het en het gesê dat hulle baie belangriker as die apostel Paulus was. Paulus het geantwoord dat God self hierdie valse leraars en valse apostels sou toets en daarna sou diskwalifiseer (verwerp)! Selfs as hierdie valse apostels hulleself aanbeveel, beteken dit nog nie dat God hulle aanbeveel nie! “Nie die een wat homself prys (aanbeveel) nie, maar die een wat deur die Here geprys (aanbeveel) word.” Leiers en leraars moet beseft dat God hulle en hul bediening baie seker sal toets en hulle dan sal goedkeur of afkeur! Christen leiers en leraars

<sup>2</sup> Die hermeneuties reëls vir:

- die onderrig van die Bybel (handleiding 3, les 29)
- die uitleg van die boek Openbaring (handleiding 1, les 10)
- die uitleg van gelykenisse (handleiding 9, supplement 1)

mag nie hul bediening uitoefen na eie goeddunke nie (volgens hul eie ideë nie), maar in ooreenstemming met die Bybel, nie in onafhanklikheid, maar in volledige afhanklikheid van God. Alleen dan ontvang hulle die goedkeuring van God!

---

## 16:16

### **Vraag 3. Hoe behoort ons “’n soen van christelike broederskap (letterlik: ’n heilige soen) te beskou?**

**Aantekeninge.** Romeine 16:16 sê, “Groet mekaar met ’n soen van christelike broederskap” (Grieks: *filémati hagió*). Die Nuwe testament toon aan dat Christene die gewoonte gehad het om mekaar met ’n soen te begroet.

#### **(1) Die christelike soen is ’n gepaste uitdrukking van geneetheid.**

Volgens Lukas 7:36-50 (45), toe die Fariseër, Simon, Jesus vir ’n maaltyd uitgenooi het, het hy aan Jesus geen soen gegee nie, wat wel die gewoonte in daardie tyd was. Maar die sondares het ingeloopt en het nie opgehou om die voete van Jesus te soen nie! Hierdie voorbeeld toon aan dat die geneetheid uitgedruk behoort te word, byvoorbeeld, deur ’n teken van geneetheid. In die tyd van Jesus Christus was ’n soen ’n teken van geneetheid. In ons tyd mag Christene in verskillende wêrelddele met verskillende kulture besluit hoe hulle geneetheid op ’n passende manier teenoor mekaar kan uitdruk. Byvoorbeeld, in sommige kulture omhels manne mekaar. In ander kulture mag manne en vroue mekaar nie eers aanraak nie en partykeer nie eers aanspreek as hulle alleen is nie.

#### **(2) Die christelike soen is ’n opregte uitdrukking van geneetheid.**

Volgens Lukas 22:47-48 het Judas Jesus met ’n soen verraaï. Die soen van Judas was onopreg en ’n soen van verraad. Hierdie Bybelgedeelte toon aan dat ’n christelike soen of enige ander uitdrukking van geneetheid opreg moet wees.

#### **(3) Die christelike soen is ’n heilige uitdrukking van geneetheid.**

Volgens Romeine 16:16 en 2 Korintiërs 13:12 het die apostel Paulus die Christene aangespoor om mekaar met ’n heilige soen te begroet. Die woord “heilig” beteken: afgesonder van die kwaad en toegewy aan God. Daarom impliseer ’n heilige soen dat daar drie partye betrokke is: die twee mense wat soen en God wat alles sien en alles weet en ter wille van wie ’n soen gegee word! Enersyds mag die soen nie uit verkeerde begeerte of met ’n verkeerde motief gegee word nie. Andersyds mag die soen nie koud, onverskillig en sonder betekenis wees nie. Die christelike soen moet betekenis hê: ’n uitdrukking van liefde en toewyding aan God.

#### **(4) Die christelike soen is ’n algemene uitdrukking van geneetheid.**

Volgens 1 Tessalonisense 5:26 is die christelike soen vir alle lede van die christelike familie. Christene mag nie weier om geneetheid te toon aan mense waarvan hulle om een of ander rede nie hou nie! Die heilige soen behoort aan almal sonder onderskeid gegee te word. Hierdie Bybelgedeelte toon aan dat die christelike soen die harmonie en vrede onder die Christene (broers en sussies) handhaaf.

#### **(5) Die christelike soen is ’n liefdevolle uitdrukking van geneetheid.**

Volgens 1 Petrus 5:14 is die christelike soen ’n soen van liefde. Die christelike soen is ’n teken van toewyding om mekaar lief te hê soos Jesus ons liefhet (Johannes 13:34-35) en mekaar lief te hê soos 1 Korintiërs 13:4-8 leer.

#### **(6) Die geskiedenis van die christelike soen.**

Daar is bewys dat die christelike soen ’n christelike gewoonte in die Westerse kerk was tot die 13<sup>de</sup> eeu. Vandag word dit nog steeds in die Koptiese Kerk voortgesit! In sommige kulture is die kontak tussen die manlike en vroulike geslag baie strenger as in ander kulture. Daarom moet Christene in elke kultuur afsprek wat ’n passende manier is om die christelike geneetheid (liefde) uit te druk.

---

## 16:17-18

### **Vraag 4. Hoe behoort Christene met valse leraars om te gaan?**

**Aantekeninge.** Romeine 16:17-18 sê, “Ek druk dit julle op die hart, broers: Pas op vir die wat verdeeldheid (Grieks: *dichostasia*) veroorsaak en die mense afvallig maak (letterlik: struikelblokke in die pad lê) van die leer wat julle ontvang het. Bly weg van hulle af. Sulke mense dien nie Christus onse Here nie, maar hulle eie drifte en drange (letterlik: hulle is slawe van hul eie maag), en met al hulle mooipraatjies en vleitaal mislei hulle die liggelowige (Grieks: *akakos*) mense.”

#### **(1) Die valse leraars en hul metodes.**

Nêrens word gesuggereer dat hierdie mense lede van die gemeente van Rome was nie, omdat Paulus juis die gehoorsaamheid van die gemeentelede te Rome geprys het: “Almal het gehoor van julle gehoorsaamheid aan die evangelie” (Romeine 16:19). Die valse leraars was buitestanders, reisende valse leraars en propagandiste. Sommige was miskien *vrysinnig (liberaal)* en het mense geleer om die wet te verwerp en soveel as moontlik te sondig (Romeine 6:1). Andere was *wetties* en het mense geleer dat hulle besny moes word en die seremoniële wet van Moses moes hou om gered te word (Handelinge 15:1). Hulle het propaganda gemaak vir hul godsdiens, is omgekoop om dit te doen en het ondersteuning gekry by sommige godsdienstige leiers. Hulle het ervaring gehad in hoe om mense om te praat om in hulle valse leerstellings te glo<sup>3</sup>. Hulle word gekenmerk deur hulle verdraaiing van die Bybel en die evangelie en hulle

<sup>3</sup> Dink aan sektes soos die Jehova Getuies en die Mormone en die nie-christelike godsdienste.

weerstand teen Jesus Christus (Hulle wil oor “God” praat i.p.v. Christus). Hulle was nie “gehoorsaam aan die leer soos hulle dit deur die oorlewering ontvang het nie (beter: nie gehoorsaam aan die vorm of patroon van die (christelike) leer wat die apostels van Jesus Christus aan hulle oorgelewer het nie)” (Romeine 6:17).

## **(2) Hoe behoort Christene op valse leraars en propagandiste te reageer.**

Paulus sê nie dat Christene hierdie valse leraars moes weerstaan nie, want miskien was hierdie valse leraars te sterk vir die gewone lede van die gemeente. Maar hy het wel gesê dat hierdie valse leraars “dopgehou moet word (Grieks: skopeó)”, sodat hulle vermy kan word! Die apostel Paulus beveel Christene om hulle van valse leraars (profete en apostels) “af te keer” (Romeine 16:17)!

Ook die apostel Johannes beveel Christene om valse leraars “nie in hulle huise te ontvang nie hulle selfs nie te groet nie, sodat hulle saam skuldig word aan die kwaad wat hulle doen” (2 Johannes 10-11). Ten slotte sê Paulus van mense wat Christene in verwarring bring deur ’n ander evangelie te verkondig: “Selfs as ’n engel uit die hemel aan julle ’n ander evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat julle ontvang het (die evangelie wat in die Bybel opgeteken staan)<sup>4</sup>, - die vloek van God sal hom tref” (Galasiërs 1:6-9)!

---

## **16:25-26**

### **Vraag 5. Wat was “die geheimenis”?**

#### ***Aantekeninge.***

#### **(1) Die geheimenis was vroeër nog onbekend.**

“’n Geheimenis” is ’n waarheid wat onbekend bly totdat dit geopenbaar word.

Die geheimenis was eers ’n Persoon wat onbekend sou gebly het as God Hom nie geopenbaar het nie. Gedurende die hele Ou-Testamentiese periode was die geheimenis dat die werklike “Israel” nie Jakob was nie (Genesis 32:28) en ook nie die Joodse volk was nie (Eksodus 4:22), maar “die Dienaar van die HERE” is, naamlik, Jesus Christus. “Jy is my Dienaar, jy is Israel, deur jou maak Ek my mag bekend (letterlik: sal Ek my verheerlik)” (Jesaja 49:3)! Deur hierdie Dienaar sou die HERE “die Israeliete wat gered/gespaar is (letterlik: die oorblyfsel) terugbring, Hom tot ’n Lig vir die nasies maak, sodat die redding wat Hy bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik” (Jesaja 49:6).

Die geheimenis is dan ook God in sy volk, “Die geheimenis wat eeue en geslagte lank verborge was, maar wat nou geopenbaar is aan die mense wat aan Hom behoort . ... Die inhoud daarvan is: Christus is in (Grieks: en) julle” (naamlik in die Christene van die Christelike Gemeente) (Kolossense 1:25-27). Na sy hemelvaart het Jesus Christus belowe dat die Heilige Gees “by” en “in” die dissipels (Christene) sou wees. Die Heilige Gees is niemand minder as Jesus Christus self wat sy dissipels nie as weeskinders agtergelaat het nie, maar weer na hulle toe gekom het (Johannes 14:16-18; sien Romeine 8:9-10; 2 Korintiërs 3:17)!

Die geheimenis is ten slotte ’n volk. Gedurende die hele Ou-Testamentiese periode was die geheimenis dat deur die evangelie die gelowige nie-Jode (die Christene uit die heidene) saam met die gelowige Jode (die Christene uit die Jode) deel van die volk van God (“Israel”)(sien Romeine 9:6) sou word, dat hulle lede van dieselfde Liggaam van Christus sou wees (sien 1 Korintiërs 12:13) en ook saam met die gelowige Jode sou deel aan wat God (in die hele Bybel) belowe het (Efeziërs 3:2-6; sien 2 Korintiërs 1:20)! God se Ou-Testamentiese volk “Israel” (de gelowiges in die volk) is dus nie opgehef of vervang nie, maar is voortgesit (op die hoër vlak van werklikhede in plaas van skaduwees) (Kolossense 2:17) en uitgebrei om die gelowige Christene uit alle volke op die aarde daarby in te sluit!

Die gelowige nie-Jode sou eenmaal in ’n baie groot aantal in die koninkryk van God ingaan. “Sedert die dae van Johannes die Doper breek die koninkryk van God vir homself ’n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit” (Matteus 11:12). Vanaf die eerste koms van Jesus Christus tot sy wederkoms (die einde van die wêreld) sal die evangelie van die koninkryk (koningskap) van God in heel de wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor (Matteus 24:14).

Die gelowige nie-Jode sal mede-erfgename wees van al die beloftes wat God aan die gelowige Jode in die Ou Testament gemaak het (2 Korintiërs 1:20) en saam met die gelowige Jode op volkome gelyke voet deel vorm van die één Liggaam van Christus (die Kerk/Gemeente)(Efeziërs 2:14-22; 3:2-6)! Die gelowige Jode is nie langer alleen God se uitverkore volk nie (Deuteronomium 7:6-10), maar die gelowiges in Jesus Christus uit alle volke vorm nou saam God se uitverkore volk. Die apostel Petrus formuleer hierdie waarheid as volg, “Julle, daarenteen, is ’n uitverkore volk, ’n koninklike priesterdom, ’n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het toe geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys” (1 Petrus 2:9-10; sien Romeine 10:12 en Galasiërs 3:28).

#### **(2) Die geheimenis is nou al geopenbaar.**

Alhoewel hierdie geheimenis al “deur die geskrifte van die profete” van die Ou Testament geprofeteer word (Romeine 1:2; 16:26), het dit eeue lank geheim gebly” (Romeine 16:25). Alhoewel God se ewige plan van verlossing ’n groot

---

<sup>4</sup> Sien byvoorbeeld die rol van “die engel Jibril (Gabriël)” in die Islam.

aantal nie-Jode (heidene) uit alle lande in de wêreld omvat (Genesis 12:3; 22:18; Jesaja 42:6; 49:6), begin hierdie belofte eers in vervulling te gaan by die eerste koms van Jesus Christus. Eers toe Jesus Christus gekruisig is en opgestaan het uit die dood en op hierdie manier versoening vir sondes gemaak het, begin die Nuwe-Testamentiese periode. Mense uit elke stam, taal, volk en nasie op die aarde begin van toe af aan in Jesus Christus te glo en het aan Hom gehoorsaam geword (Romeine 16:26). Hulle het die koninkryk van God binnegestroom (Matteus 8:12).

Die brief aan die Romeine is aan 'n gemeente gestuur wat bestaan het uit gelowige Jode en gelowige nie-Jode wat saam die God van die Bybel aanbid het en gedien het. "Uit God en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan die enigste en alwyse God behoort die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid" (Romeine 16:27)!

#### **STAP 4. DOEN.**

#### **TOEPASSINGS**

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

**Deel en skryf neer.** Kom ons hou 'n dinkskrum en stel 'n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 16:1-27.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

**Skryf neer.** As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

#### **1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 16:1-27.**

- 16:1. Stuur 'n aanbevelingsbrief met 'n Christen wat na 'n ander gemeente reis.
- 16:2. Help Christene om te reis.
- 16:3. Wees 'n medewerker saam met ander Christene in plaas van onafhanklik en afgeskei te bly.
- 16:5. Stel jou huis ter beskikking van gemeente byeenkomste.
- 16:7. Dink aan Christene wat in die gevangenis sit (Hebreeërs 13:3) en bid vir hulle (Handelinge 12:5).
- 16:10. Verwelkom geleenthede waarin God jou deur middel van moeilikhede op die proef stel.
- 16:16. Vind maniere om as Christene mekaar te groet op 'n wyse wat in jou kultuur pas.
- 16:17. Hou valse leraars (profete en apostels) dop en ontvang hulle nie in jou huis nie!
- 16:19. Wees wys met betrekking tot die goeie: weet hoe en wanneer jy wat goed is prakties moet uitvoer. Wees onskuldig (Grieks: akeraios, letterlik: nie vermeng nie) met betrekking tot die kwaad. Kyk daarom nie na slegte TV programme nie, lees geen slegte boeke en tydskrifte nie, maar hou jou oë, ore en gedagtes vry van alles wat jou van die onskuld sou kon beroof.
- 16:20. Alhoewel die Satan oorwin (gebind) is (Matteus 12:28-29; Johannes 12:31), het hy nog baie mag om kwaad te doen (1 Petrus 5:8). Weerstaan hom aanhoudend (1 Petrus 5:9; Jakobus 4:7). Eers by die wederkoms van Christus word die Satan op die aarde heeltemal verslaan en in die hel gegooi (Matteus 25:41; 2 Tesseloniese 2:8; Openbaring 20:10).

#### **2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 16:1-27.**

Ek stel my woning ter beskikking van gemeente byeenkomste.

Ek groet my broers en sussies in die Here hartlik en op 'n manier wat gepas is in die kultuur waar ek my bevind.

#### **STAP 5. BID.**

#### **REAKSIE**

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 16:1-27.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

**5**

**GEBED** (8 minute)

**[VOORBIDDING]  
BID VIR ANDERE**

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

**6**

**VOORBEREIDING** (2 minute)

**[OPDRAGTE]  
VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS**

*Deel* die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. **Verkondig, onderrig of bestudeer** die Bybelstudie uit Romeine 16:1-27 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.

3. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.

---

## **HOU NIE OP OM TE GROEI NIE (Laat Christus jou bly ontwikkel)**

### **1. Stiltetyd.**

Hou aan om stiltetyd te hou. Maak gebruik van die gunsteling waarheid of gunsteling Bybelers metode (sien handleiding 1, supplement 1). Maak ook gebruik van die Bybel leesrooster (sien handleiding 1, supplement 2). En maak korte aantekeninge van jou stiltetyd.

### **2. Memorisering.**

Hou aan om Bybelverse uit jou kop te leer (sien handleiding 1, supplement 5). Kies geskikte Bybelverse uit jou Bybel leesprogram of Bybelstudie. Hou ook aan om ongeveer 5 ou Bybelverse te herhaal.

### **3. Bybelstudie.**

Hou aan om Bybelstudie te doen (sien handleiding 1, supplement 4). Kies 'n Bybelboek en gebruik die vyf stappe metode om elke hoofstuk (of deel van 'n hoofstuk) te bestudeer. Bestudeer eers die belangrikste boeke van die Nuwe Testament soos die vier Evangelies, Handeling, die brief aan die Tessalonisense, Kolossense en Efesiërs en ten slotte die moeiliker boeke soos Romeine, Hebreërs en Openbaring. Wanneer jy boeke uit die Ou Testament bestudeer, moet jy hul uitlê in die lig van die Nuwe Testament openbaring (sien Lukas 24:25-27,44-45).

### **4. Gebed.**

Hou aan om iets spesifiek te bid vir iemand elke dag en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).

### **5. Christelike gemeenskap.**

Hou aan om met ander Christene bymekaar te kom in die gereelde eredienste, maar ook in 'n klein groep, bv. 'n dissipelskap groep.

### **6. Vrug dra.**

Hou aan om baie vrug te dra (Johannes 15:5,8,16). Getuig oor Jesus Christus (Matteus 10:32; 1 Petrus 3:15-16). Verkondig die evangelie aan mense wat dit nog nie eerder gehoor het nie. Wy jou toe om die slegte invloed van ander mense te weier, maar juis om goeie invloed op ander mense te hê.

### **7. Dissipelskap.**

Hou aan om 'n volgeling-leerling van Jesus Christus te wees. Leer sy woorde te gehoorsaam (uit te voer) (Matteus 7:24-27).

---

## **BEGIN NUWE GROEPE**

As jy die DOTA kursus voltooi het, kan jy twee dinge doen:

### **1. Spoor jou vorige studente aan om self 'n DOTA groep te begin.**

Moedig hulle aan om gebruik te maak van die voorbereide materiale in die Dota kursus om hulleself goed voor te berei en hulle self te ontwikkel om 'n goeie kringleier te word.

Hou aan om nuwe leiers van dissipelgroepe te ontwikkel.

### **2. Begin self weer 'n nuwe Dota groep.**

Motiveer, nooi mense uit of selekteer al biddend 'n aantal mense om 'n nuwe Dota groep te vorm. Dit is raadsaam om die eerste vier handleidings van dissipelskap te voltooi voordat die volgende handleidings bestudeer word. Die DOTA kursus bestaan uit twaalf handleidings in drie dele:

GAAN EN MAAK DISSIPELS.	48 lesse in handleiding 1 tot en met 4.
GAAN EN BOU DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS.	48 lesse in handleiding 5 tot en met 8.
GAAN EN VERKONDIG DIE KONINKRYK VAN GOD.	48 lesse in handleiding 9 tot en met 12.

---